



INTERNASIONALE MARKTE

- MARKTE WÊRELDWYD ONDER DRUK IN SEPTEMBER

September is histories 'n swak maand vir markte in die VSA (met Oktober net-net in die tweede plek) en hierdie jaar was geen uitsondering nie. Die maand is gekenmerk deur skommeling vir al die vernaamste markte en van die bekendste VSA indekse het vir die eerste keer sedert Maart laer gesluit.

Die S&P 500 het deur die loop van die maand wipplank gery en uiteindelik 3.9% laer gesluit (+4.1% jaar tot datum) wat 'n einde gebring het aan die vyf opeenvolgende maande van stygings. Die Dow Jones Nywerheidsindeks het maand op maand 2.3% laer gesluit en is jaar tot datum 2.7% laer. Ook die Nasdaq, wat gewoonlik deur lopies in die aandeelpryse van tegnologie-aandele aangedryf word, het swakker gevaar en die maand 5.2% laer afgesluit (jaar tot datum +24.5%). Ondanks die moeilike September was die derde kwartaal van 2020 'n goeie een en beide die S&P 500 en die Dow het die beste kwartaal op kwartaal vertonings sedert 2009 aangeteken.

Wat ekonomiese data betref het verbruikersvertroue in die VSA September verbeter en die skerpste styging in 17 jaar is aangeteken. Huisverkope het ook goed gevaar maar werkloosheid bly 'n probleem en 870 000 nuwe werklooses het vir werkloosheidhulp aansoek gedoen.

COVID-19 GEVALLE STYG IN EUROPA

Europese markte was onder druk danksy skerp stygings in die aantal nuwe COVID-19 gevalle wat aangemeld is en lande soos Frankryk, Spanje en die VK het opnuut nuwe maatreels in werking gestel in pogings om die versprei van die virus te beperk. Raadgewers van die VK regering het gewaarsku dat COVID-19 infeksies en sterftes die hoogte kan inskiet en die land se Eerste Minister, Boris Johnson, het 'n rits nuwe regulasies en ook boetes vir versuim om die regulasies na te kom aangekondig. Die VK mark was gevolglik onder druk en die FTSE 100 Indeks het September 1.6% laer afgesluit (-22.2%) jaar tot datum. In Europa het sake nie beter verloop nie en die DAX in Duitsland het maand op maand 1.4% laer gesluit (-3.7% jaar tot datum), terwyl die CAC in Frankryk maand op maand 2.9% laer was (-19.6% jaar tot datum).

In Asië het die Nikkei in Japan die maand 0.2% hoër afgesluit (-2% jaar tot datum). Japan se nuwe Eerste Minister, Yoshihide Suga, het in September die leisels oorgeen van Shinzo Abe, wat in Augustus weens swak gesondheid bedank het. China se Shanghai Saamgestelde Indeks het die maand 5.2% laer gesluit (+5.5% jaar tot datum) en die Hong Kong Hang Seng was 6.8% swakker as in Augustus (-16.8% jaar tot datum). Ekonomiese aktiwiteit in China het in September verder verbeter en die land se amptelike vervaardiging PMI was 51.5 tenoor 51.0 in Augustus.

PLAASLIKE MARKTE

- RITS SLEGTE NUUS VIR SA EKONOMIE

Hoewel sakebedrywighede momentum gekry het en meer mense begin het om terug te keer na hul werkplek, vertel die syfers van verskeie ekonomiese aanwysers wat in September bekend gemaak is die volle verhaal van die swak stand van die ekonomie en die impak van inperkingsmaatreels wat laat in Maart in werking gestel is. Die mees kommerwekkende aanwyser van die reeks wat bekend gemaak is, is die werkloosheidsyfers, wat weens die pandemie twee keer uitgestel is.

Die Kwartaalike Arbeidsoorsig, wat laat in September deur Statistiek SA bekend gemaak is, toon dat 2.2 miljoen werksgeleenthede in die tweede kwartaal verlore gegaan het. Die oorsigtydperk doen verslag oor die grootste tydperk van inperking en die ergste impak van die pandemie. Die eerste, baie streng inperking, het op 26 Maart begin en so te sê alle ekonomiese aktiwiteit tot stilstand gebring. Die bekende saketydskrif Financial Mail berig dat dit lyk of SA 'n hele dekade se poste verloor het in minder as 'n halfjaar. "SA het tussen 2009 en 2019 2.4 miljoen poste geskep. Die jongste syfers dui nou daarop dat die land in die afgelope vier maande so veel as 2.8 miljoen poste verloor het," aldus die tydskrif.

Die BBP het kwartaal op kwartaal, seisoensaangepas, met 16.4% gedaal, of 17.1% jaar op jaar en so die resessie verdiep. Dit was die vierde agtereenvolgende daling van die BBP, hoewel daar in gedagte gehou moet word dat die syfers aktiwiteit vir die maande April, Mei en Junie reflekteer – die ergste tydperk van die COVID-19 verwante inperking. Inflasie het in Augustus gedaal tot 3.1% jaar op jaar – net-net binne die Reserwebank se teiken van 3% - 6% - en laer as die 3.2% wat vir Julie bekend gemaak is. Maand op maand het pryse met 0.2% gestyg, grootliks weens stygings in die kostes van voedsel en drank, behuising en dienste.

Die SA Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het by sy vergadering van September besluit om die repokoers onveranderd te hou op 3.5%. Lesetja Kganyago, President van die SARB, het tydens die aankondiging van die rentekoersbesluit gesê die bank verwag nou dat die BBP in 2020 met 8.2% gaan daal, teenoor die 7.2% wat die Bank in Julie as sy verwagting bekend gemaak het. Hoewel die rand vroeg in September die beste vlak in ses maande bereik het, het die plaaslike geldeheid vanaf die middel van die maand geswik weens 'n stewiger Amerikaanse dollar. Maand op maand is die rand 1.1% sterker maar is jaar tot datum steeds 20% laer teenoor die dollar.

JSE VOLG INTERNASIONALE MARKTE LAER

Die JSE het dieselfde pad gevolg as verskeie internasionale markte en die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het September 2.2% laer afgesluit (-4.9% jaar tot datum). Verskeie aandele met groot markkapitalisasie het swakker gevaar. Dit sluit in Glencore (-13.3% maand op maand), Prosus (-9.3% maand op maand), Annheuser Busch Inbev (-7.9% maand op maand), BHP Group (-5.6% maand op maand) en Naspers (-4.3% maand op maand). Die aandele van verskillende goudmynmaatskappye het ook nie waffers gevaar nie weens 'n swakker goudprys, wat 4.2% laer was vir die maand. Die aandeelpryse van maatskappye soos AngloGold Ashanti (-12.4% maand op maand), Harmony (-19.4% maand op maand) en Gold Fields (-7.2% maand op maand) was veral onder druk. Die Resi-10 het die maand 4% laer afgesluit (+8.4% jaar tot datum), die Indi-25 was 2.1% laer maand op maand (+5.6% jaar tot datum), hoewel die Fini-15 goed gevaar het danksy stygings in die aandeelpryse (maand op maand) van verskeie maatskappye, onder meer Capitec Bank (+24.2%), ABSA (+15.6%), FirstRand (+8.9%), Nedbank (+5%) en Standard Bank (+2.3%).

Motorhandelaar en verhuringgroep Motus was die beste vertoner op die plaaslike beurs in September en die maatskappy se aandeelprys het maand op maand met 'n stewige 56.8% gestyg, hoewel van 'n lae basis. Cartrack (+32.2% maand op maand) was in die tweede plek met landbou en chemikalieë maatskappy Omnia in die derde plek met 'n aandeelprysstyging van 24.7%, maand op maand. Hammerson Plc, wat in Londen en op die JSE genoteer is, het in September die swakste gevaar met 'n daling van 32.6%. Accelerate Property Fund was die tweede swakste vertoner met 'n daling van 29.7% teenoor Augustus, gevolg deur Tsogo Sun Hotels met 'n daling van 27%, maand op maand.

VOERTUIGVERKOPE FLIKKER OP

Volgens die Vereniging van Voertuigvervaardigers van SA (Naamsa) is 37 043 motors en handelsvoertuie in September verkoop. Dit is 23.9% minder as vir die ooreenstemmende maand in 2019. Totale verkope vir die eerste nege maande van die jaar staan op 265 412, teenoor 398 290 vir dieselfde tydperk verlede jaar, 'n afname van 33.4%. Motorverkope vir September was 22 798, 31.2% laer as die 33 120 wat in September 2019 verkoop is. Jaar tot datum is motorverkope 34.4% laer.

Bedrywighede in die vervaardigingsektor het in September geleidelik verbeter nadat inperkingsmaatreels gewysig is. Die Absa Aankopersindeks (PMI), wat in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch se Buro vir Ekonomiese Navorsing bekend gemaak is, toon dat dit tot die hoogste syfer in 21 jaar verbeter het en op 58.3 indekspunte gesluit het. Die bank het met die bekendmaking van die syfer daarop gewys dat dit nie beteken dat sake-aktiwiteit in die sektor tot dieselfde vlakke as voor die inperking verbeter het nie maar slegs toon dat bedrywighede herstel het.

Bronne: Anchor Capital; BusinessLive; Financial Mail

MAAK SEKER BESONDERHEDE EN FINANSIËLE PLAN BLY OP DATUM

Wanneer persoonlike omstandighede verander is dit belangrik om 'n finansiële plan en beleggingstrategie aan te pas. Egskeidings of sterftes of ander groot lewensgebeure het altyd 'n impak op persoonlike finansies. Hou ook in gedagte as jy verhuis of van werk verander dat jou nuwe besonderhede met jou finansiële adviseur en ander finansiële diensteverskaffers opgedateer moet word. 'n Ander belangrike element van 'n finansiële plan wat gereeld hersien moet word is 'n testament.

NUUSFLITS

Om die titel as die Beste Boetiek Welvaartbestuur-maatskappy 2020, soos deur Intellidex toegeken, te vier het Brenthurst Wealth in September 'n spesiale verslag in Financial Mail gepubliseer. Lees die volledige verslag en alles rakende ons beleggingsbenadering en ons span hier: [Brenthurst Wealth Corporate Report](#).



BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

financialmail
Corporate report
www.financialmail.co.za
17 September 2020

Brenthurst Wealth
Searching for global megatrends
SA's Top Boutique Wealth Manager

INVEST WITH SA'S
TOP BOUTIQUE WEALTH MANAGER 2020
WINNER 2017, RUNNER UP 2018 & IN TOP 4 2019

CREATING WEALTH
WITHOUT BORDERS
www.bwm.co.za

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

JOHANNESBURG	+27 (0) 11 799 8100	PRETORIA	+27 (0) 12 347 8240	CLAREMONT	+27 (0) 21 418 1236	STELLENBOSCH	+27 (0) 21 882 8706
SANDTON	+27 (0) 10 035 1391	CAPE TOWN	+27 (0) 21 418 1236	BELLVILLE	+27 (0) 21 914 9646	MAURITIUS	00 230 5843 5215